# die Wapad

Jaargang XV — WOENSDAG, 17 AUGUSTUS 1960 — Nr. 9

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.


## Puk Boet Hare In

Nieteenstaande uitgebreide voorbereidings kon die tien Pukke wat Maandagoggend Bloemfontein toe is om die Kovsies-dirigent te gaan skaak, nie in hul doel slaag nie. Hulle het 'n lokval vir hom gestel in die Bloemfonteinse poskantoor, maar toe die dirigent 'n eerstejaarman stuur wat net soos hy lyk om in die lokval te trap, moes die Pukke net baie vinnig spore maak om te ontsnap. Johan Pepler, een van die Pukke wat saam was, moes sy hare inboet, maar die res kon, vermom soos lede van die publiek, nog ongeskonde ontsnap.

Laat berig: Vier Kovsies is Dinsdagaand gevang en met ons ter perse gaan was daar gerugte van etlike vreemde motors in die dorp.

## S.R.-Voorsitter Dirigent

**Hennie van der Walt, voorsitter van die Studenteraad, is Maandagaand aangewys as die nuwe hoofdirigent vir Saterdag se Intervarsitie teen Kovsies.**

**Idyll van der Walt, wat oorspronklik as hoofdirigent gekies is, het oor die naweek siek geword en daar word verklaar dat hy beslis nie die Intervarsitie sal kan lei as hoofdirigent nie. Dit bring nou mee dat Hennie ook in sy plek geskaak kan (of teen hierdie tyd) kon word.**

# DIE SPANNING LAAI OP: PUK MOET WEN

(van Dirk Herbst)

**DIE TWINTIGSTE kragmeting tussen die Universiteite Potchefstroom en Bloemfontein Saterdag op die rugbyveld in Vrystaat Stadion sal heelwaarskynlik die taaiste Intervarsitie tot dusver in die geskiedenis wees. Die Pukke sal alles in die stryd werp om die neerlae van die afgelope drie jaar uit te wis en die Vrystaters sal poog om 'n vierkuns — die eerste keer in die reeks — te behaal. ——**

**Vir die Pukke is daar baie op die spel. Hulle sal alles in hulle vermoë doen om te bewys dat hulle die span wat daarmee spog dat hy twaalf spelers in die Sentrale Universiteitespan teen die All Blacks gehad het, se meester is.**

Die vyftiental is vasberade en begeesterd met 'n wil om te wen. Die senuwees krap-krap aan die maag en die drome snags oor hoe 'n wit-en-rooi trui oor die doellyn stort, wil nie wegbly nie. Nog selde was 'n Pukspan so besield en so vasberade om te doen wat van hom verwag word.

Die groot vraag is of die Pukke daarin gaan slaag om Potchefstroom se Intervarsitierugbynaam in ere te herstel.

Alles dui daarop dat die stryd titanies en verbete gaan wees.

Pieter Venter, redakteur van Irawa, laat weet uit die Vrystaatse hoofstad dat die Kovsies hierdie seisoen nog deurgaans mooi, skouspelagtige en harde rugby gespeel het. Met 12 provinsiale spelers, vier Junior Springbokke en 12 spelers van die Sentrale Universiteite in hulle geledere vorm hulle 'n gedugte kombinasie wat nie sonder handskoene aangepak kan word nie.

### GROOT VERTROUE

„Die Kovsies gaan vanjaar se Intervarsitie met groot vertroue tegemoet, maar onderskat die Pukke nie in die minste nie. Dit sou ook verkeerd wees van U.O.V.S. want ondervinding uit die verlede het geleer dat spelers hulle met Intervarsitie oortref en spel bo die gemiddelde lewer. Met dit in gedagte besef U.O.V.S. dat 'n oorwinning in vanjaar se kragmeting geen uitgemaakte saak is nie," aldus Pieter Venter .

Die Pukke veg Saterdag met die rug teen die muur. 'n Mens kan ook verwag dat die span se vertoning beter sal wees as die afgelope paar oefenbyeenkomste. Elke Pukspeler weet dat hy Saterdag deeglik onder die soeklig van die ondersteuners op die pawiljoen is.

### PIET STEINBERG

Piet Steinberg wat die span aanvoer, is 'n veteraan Intervarsitiespeler, en op sy skouers rus 'n groot taak. 'n Kaptein kan vir sy span goud werd wees. Maar as die vuur en die durf en die wil om te wen en die samespel kortskiet, kan die kaptein nie veel uitrig nie. Die verantwoordelikheid rus Saterdag op al vyftien manne om met mening in te klim, te verdedig, bewegings op tou te sit en kragtig deur te voer.



**Piet Steinberg wat die Pukke Saterdag aanvoer. Op sy skouers rus 'n groot taak.**

Kortom, soos seker nooit te vore het 'n Pukspan 'n taak gehad soos Saterdag nie. Nie alleen moet Piet Steinberg en sy manne die wil en die durf om te wen hê nie, maar die span moet daardie vasberadenheid aan die dag lê om deur die Kovsies te bars.

Die voorosse moet met alle mag stoot en die bal bemeester. Frans de Bruyn en Wil. de Waal kom te staan teen gedugte en gebreide O.V.S.-spelers in Apie Pretorius en Sakkie van Zyl. Piet Bingle sal sy slag moet ken teen John Wessels. Maar sy stutte is twee kragtige manne wat nie hoef te wyk voor die Vrystaters nie.

Herman Venter en Piet Steinberg moet reusewerk vermag in die lynstane teen Pieter Goosen en At van Niekerk, en die bal vinnig bemeester en uitskiet want die Pukagterlyn is gevaarlik en kán slaan.

### NIE KEER NIE

As die voorspelers die bal in die hande van Mic Moolman, Koos du Plooy en die gedugte senterpaar Jan van der Schyff en Leon Thom, stel, kan die Vrystaters hulle nie elke keer keer nie.

Die voorspelers moet U.O.V.S. se losmanne in die skrum hou sodat die bal langs die agterlyn af kan beweeg.

Bowendien moet die losmanne soos valke op Nelie Smith, die brein agter

(Vervolg op bls. 5)

## Die Bordjies Moet Verhang Word

—S.R.-Voorsitter.

*Mnr. Hennie van der Walt rig op die vooraand van Intervarsitie die volgende boodskap aan die studente van Bloemfontein en Potchefstroom:*

*Sedert ons mekaar verlede jaar tydens Intervarsitie ontmoet het, het besondere gebeure in Suid-Afrika en ook aan die studentefront plaasgevind.*

*As studente is dit sekerlik van belang dat ons hierop ag sal slaan.*

*Maar ook op die gebied van sport was dit 'n jaar van groot bedrywighede.*

*Hierdie is nou weer die geleentheid vir die twee Afrikaanse inrigtings om op minder ernstige gebied met mekaar in gesonde wedywering te verkeer. Intervarsitie dra 'n stempel van sy eie en ons vertrou dat dit so sal voortduur.*

*My wens is dan ook dat ons in ware sportmangees Intervarsitie sal hou . . op en van die veld af.*

*Aan die Pukke wat gaan deelneem: dit is tyd dat die bordjies verhang word!*

## Oudstudente Stig Vereniging

'n Oudstudentevereniging is onlangs deur studente wat op die Puk gestudeer het, in Pretoria gestig.

Die funksie het die vorm van 'n dinee aangeneem en is bygewoon deur 'n hele aantal oud-Pukke. Tydens die geleentheid is 'n heildronk op die Universiteit van Potchefstroom ingestel deur mnr. J. de Klerk, Minister van Arbeid.

Die vereniging het 'n komitee aangestel, en die volgende persone is as lede verkies: mnre. J. P. Bingle (voorsitter), N. J. van der Merwe (sekretaris) en S. W. de Klerk (lid).

# Staatsondersteunde Skole bepleit deur Rektor

PROF. DR. J. CHRIS COETZEE, Rektor van die P.U. vir C.H.O., het tydens 'n onlangse vergadering van Korps in die studentesaal staatsondersteunde skole bepleit.

Staatsondersteunde skole is ten volle in ooreenstemming met Calvinistiese beginsels. Suiwer staatskole, ouerskole, privaat skole of kerkskole kan nie gerym word met Calvinistiese beginsels nie.

Soos elke ander lewensverband is ook die skool soewerein-in-eie-kring. Die skool is selfstandig, maar nie outonoom nie, want dit is vervleg met ander verbande soos kerk en staat.

Die skool het te doen met kinders wat uit ouerhuise kom en moet onderrig bied wat voldoen aan die eise van ander samelewingsverbande.

### HOOGSTE ROEPING

Die ouer kan die onderrig van die kind alleen nie behartig nie omdat dit nie die hoogste roeping van die huis is nie en omdat die ouer ook nie die tyd en akademiese onderlegging daarvoor het nie.

Dit is nie die taak van die kerk om skole te stig en te onderhou nie, ofskoon dit wel sy taak is om deur middel van die ouer toesig oor die skool te hou.

Die Calvinis verwerp staatskole omdat dit nie die eerste doel van die staat is om onderwys te gee nie. Die staat het wel belang by die verwyderde doel van die skool daarin dat geen ouer die reg het om te kan sê dat sy kind nie mag skoolgaan nie.

### ONDERWYSER

Die kerk spreek hom nie uit oor die skool nie, maar verlang wel dat die onderwyser christelik moet wees. Die staat het 'n plig teenoor sy „kinders" daarin dat hy moet toesien dat hulle geletterd moet wees.

As die staat goddeloos word, is dit die roeping van die ouer en die kerk om skole in die lewe te roep wat deur die staat erken en gesteun word, het prof. Coetzee ten slotte gesê.


*Fotokuns*

*sentrum vir fotografie, grammofoonplate, kunsvlyt*

TOMSTRAAT 82
POTCHEFSTROOM
TELEFOON 3185

**Ons is die mense vir PORTRETTE**

Blaai hierdie Wapad deur en u sal sien!

PLATE — PLATE — GRATIS PLATE — PLATE — GRAMMOFOONPLATE

# THALIA KRY GUNSTIGE KRITIEK IN SUIDWES

**THALIA HET 'n geslaagde toer deur Suidwes gehad. Na verwagting sal 'n wins van nagenoeg £750 getoon word wat aangewend sal word vir liefdadigheid en die boufonds van die Puk.**

Altesaam 20 opvoerings is met groot welslae op die planke gebring.

Die reis het dwarsdeur Suidwes gestrek en opvoerings is in byna alle dorpe aangebied, behalwe in Outjo. In Windhoek is altesaam drie opvoerings met sukses gelewer.

Dat die opvoerings in die smaak van die publiek geval het, is nie aan te twyfel nie. Die spelers wat opgetree het, was bekwame en goedvoorbereide mense. Die stuk is bekend en kon gemaklik en flink bemeester word. Gunstige kritiek is uitgelok in die plaaslike koerante, Die Suidwester en Die Suidwes-Afrikaner.

RAAR

Een van die rariteite van die reis was die stamperige en springerige reis met die Klein Trentjie, 'n reis wat nagenoeg 400 myl lank was.

Interessante plekke is besoek soos die gevalle meteoor te Grootfontein en die beroemde Hansa Brouery te Swakopmund.

Die strand was 'n welkome toevlugsoord vir Cassie Venter en sy gesellin wat daar moes kaartjies verkoop.

Op Walvisbaai het die geselskap met 'n vissersboot uitgevaar en het hand bygesit toe die vissers die nette vol vis aan boord sleep.



**Dries Yssel, Thalia se toerleier.**

In Otavi, een van die windpompstede van die noorde, het van die kêrels in 'n hotel 'n Persiese Erdestuk in die hande gekry en aan die dames geskenk wat dit glo later aan die Argief wil bemaak.






## ESTRARTE

DR. M. S. DU BUISSON, sekretaris van die Akademie, sal op Maandagaand, 12 September in die studentesaal voor Estrarte as gasspreker optree.

Die vergadering sal om 7.30 nm. begin en dr. Du Buisson sal praat oor die Mens-God-verhouding in die Afrikaanse poësie.

# Die Skrif is aan die Muur en die Einde in Sig

DIE SKRIF is aan die muur; die jaar loop ten einde. Ter bevestiging hiervan het die Administrasie-kantoor pas twee kennisgewings op die kennisgewingborde laat verskyn: Eksameninskrywing en aansoeke vir inwoning in die koshuis vir volgende jaar.

Die kantoor neem eksameninskrywings aan van 15-31 Augustus. Alle persone wat op 31 Augustus nog nie hul inskrywings gemaak het vir die komende eksamen nie, sal voor 15 September moet inskryf, met die betaling van laat-registrasiefooi van £3.

Inskrywings word nou aangeneem vir die eksamen wat die einde van die jaar plaasvind, asook vir eksamen in Februarie en Junie 1961. Die eksamenfooie is vir die gewone student reeds ingesluit in die lesgelde, sodat geen ekstra fooie betaal hoef te word nie. Diegene wat egter hereksamen wil doen of wat net 'n jaarpunt in sekere kursusse opgebou het en nou daarin wil eksamen doen, moet egter die vasgestelde bedrae betaal.

Verder moet al die finansiële sakies, d.i. die bedrae wat tot op datum aan die Universiteit verskuldig is, betaal wees voor eksamen-inskrywing gedoen kan word. Saam met die inskrywingsvorm moet nog 'n geadresseerde en gefrankeerde koevert ingehandig word, waarin die bladsy van die uitslae waarop die student se naam verskyn, aan die student sal gepos word sodra die uitslae aan die begin van Desember bekend gemaak word.

UITSLAE BEKEND

Dit is die enigste manier waarop die kantoor die uitslae kan bekend maak en geen telegramme kan versend of telefoonoproepe gemaak word om die uitslae bekend te maak nie. Mens kan selfs verstaan dat die studentetal tans baie groot is en dat die kantoor geen maklike taak met die eksamenuitslae het nie. Volledige besonderhede oor die inskrywing is by die kennisgewingbord te kry.

Dorpstudente wat tans privaat loseer en graag volgende jaar in een van die koshuise wil inwoon, kan ook nou hul sake agtermekaar kry. Aansoeke om inwoning moet voor 31 Augustus in wees en onder meer vergesel wees van 'n rapport van goeie gedrag, onderteken deur die gesinshoof waar ingewoon is, asook 'n deposito van £5.

Studente moet meld in watter koshuise hulle graag wil inwoon, en wie die kamermaat moet wees. Ook die huidige woonadres moet verstrek word. Indien die aansoek misluk, sal die deposito terugbetaal word. Ook as die bespreking gekanselleer word op grond van siekte en druip—voor 15 Desember—sal die deposito terugbetaal word.

Plasing in die koshuise geskied op meriete en 'n goeie akademiese rekord kan in kandidate se guns wees. Ook hiervoor is daar volle besonderhede op die kennisgewingbord.

## AFLOS VANAF PARYS

Die jaarlikse afloslandloop vanaf Parys na Potchefstroom — 'n afstand van 30 myl — vind op 31 Oktober plaas en word gereël deur die Onderwyskollege.

Alle senorklubs in Wes-Transvaal sal na verwagting deelneem. Verlede jaar is die landloop gewen deur 'n span van P.O.K. en tweede was die sestal van die P.U.

# STUDENTEPROGRAM SE DERDE VERJAARSDAG

TEEN DIE MIDDEL van 1957 het die Afrikaanse diens van die S.A.U.K. begin met die uitsending van 'n program wat spesiaal vir studente bedoel was—Studentevaria.

Die eintlike vader van Studentevaria was Frikkie Kraamwinkel wat in Durban werksaam ws. By 'n sekere geleentheid het 'n ou studentemaat aan hom genoem dat dit interessant sou wees om te luister na 'n gereelde program waarin die kleurvolle gees van die studentelewe weerspieël sou word.

Dit sou help om bande tussen oud-studente en hul alma maters heg te hou en terselfdertyd aan studente geleentheid bied om hul talent aan ander bekend te stel.

Frikkie het niks gesê nie, maar die ratte het aan die werk gespring. Enkele maande later het die gewilde studentelied ,,Gaudeamus igitur'' die eerste maal 'n eie program vir studente aangekondig.

OUD-PUK

'n Jaar later is Studentevaria na die meer sentrale Johannesburg verskuif met Pierre Marais as programleier. Hy het die program twee jaar behartig voordat hy onlangs 'n betrekking by Radio Nederland aanvaar het.

Tans is Danie Erasmus 'n oud-Puk, programleier van Studentevaria.

Met die derde verjaarsdag van Studentevaria kan met reg gesê word dat die program steeds toeneem in gewildheid.

# GESLAAGDE TOER DEUR ALABAMA

**DIE BAIE MOOI som van vierhonderd pond wins is die afgelope vakansie deur die Alabama-toergroep met hul vertonings in Transvaal ingesamel.**

Hierdie som vertoon nog beter as in gedagte gehou word dat toergroepe van Tukkies en die P.O.K. op sommige plekke net kort voor Alabama opgetree het.

Toerlede vertel dat die toer, wat per bus deur Wes-, Noord- en Oos-Transvaal gegaan het, besonder aangenaam was, veral die naweke.

Vermoeidheid was natuurlik nie uitgesluit nie, want die toer was nogal veeleisend. Die toer het 26 dae geduur en slegs op vyf aande is



**Ben Bierman wat saam met Alabama getoer het.**

nie opvoerings gehou nie: die vier Sondagaande en een Saterdagaand. Boonop het die groep elke aand op 'n ander plek opgetree.

GENIET

Die feit dat geen van die toerlede eintlik ernstig siek geword het nie het bygedra tot die welslae daarvan.

Die publiek het die opvoerings self ook besonder baie geniet. Die nommers deur die sangkwartet en die trompetsolo's was ware treffers. Soos gewoonlik, het die gehoor telkens geskater vir Idyll van der Walt se



**Jan Boneschans, een van Alabama se toerlede.**

grappe.

Die laaste opvoering het op Wit-bank plaasgevind en regstreeks daar-na het die groep deurgery na Pot-chefstroom, waar hulle in die vroeë oggendure aangekom het om die lekkerste koppie koffie van die hele toer by ,,Pa en Ma'', prof. en mev. D. W. Krüger, se huis te drink.

## Slippers Baas

In 'n wedstryd, Saterdag, tee Ottosdal II het Slippers daari geslaag om vir die derde maal i hierdie semester te seëvier.

Die wedstryd, baie stadig en vo skoppe en strafskoppe, het 3—0 (' drie) geëindig.

## Lewe en Dood

**Wat is die lewe? Waarom moet die dood kom om die lewe te beëindig? Is die dood 'n volslae beëindiging van lewe?**

Hierdie vrae moes een of ander tyd al by almal van ons opgekom het. Nou is daar geleentheid waar hierdie vrae, dan nie opgelos nie, minstens deurtastend bespreek sal word deur mense met verskillende uitgangspunte.

'n Simposium word eerskomende Maandagaand, die 22ste, in die Chemiegebou, in een van die lesingsale, aangebied deur die lede van die Wysgerige Vereniging en die Natuurwetenskaplike Vereniging aan die Universiteit.

Studente sal waarskynlik as sprekers optree, maar personeellede sal ook teenwoordig mag wees.

Die onderwerp wat op die simposium bespreek sal word, is „Lewe en Dood" en alle studente is baie hartlik welkom by hierdie geleentheid.



**Hans van Zyl (onderdirigent) en Idyll van der Walt (hoofdirigent) is aanvanklik aangewys om die stryd teen die Kovsierasieleiers Saterdag aan te knoop. Intussen het Idyll egter 'n griepaandoening opgedoen sodat hy nie sy plek sal kan volstaan nie.**

## A.S.B.-President Reis Baie

'n Bedrywige tyd lê vir die voorsitter van die Studenteraad, mnr. Hennie van der Walt, voor die deur. Benewens takbesoeke aan verskillende A.S.B.-sentra sal hy ook 'n aantal kongresse bywoon.

Hy spreek op 25 Augustus 'n vergadering van die Wits Academic Freedom Committee toe oor aparte universiteite.

Op 1 September doen hy takbesoek aan U.O.V.S. en later gedurende September sal hy ook A.S.B.-takke in Pretoria besoek.

Op 15 Oktober woon hy 'n konferensie van Onderwyskolleges in Stellenbosch by waartydens hy samesprekings met lede van die A.S.B.-hoofbestuur sal voer.

Op 28 en 29 September woon hy die kongres van die F.A.K. in Pretoria by en op 10 September die Transvaalse kongres van S.A.B.R.A.

### PERSKONFERENSIE

# REDAKTEURS STAP UIT NA VERWERPING VAN MOSIE

**DIE REDAKTEURS van Die Matie, studentekoerant van Stellenbosch, en Die Wapad, mnre. Deon du Plooy en Dirk Herbst, het tydens die afgelope vakansie uitgestap by die konferensie van die Suid-Afrikaanse Universiteite-Persvereniging.**

Die twee redakteurs het uitgestap omdat 'n mosie wat deur hulle ingedien is, verwerp is.

Die mosie het betrekking gehad op die lidmaatskap van die vereniging en het gelui dat blanke inrigtings vir hoër onderwys verteenwoordig sal word deur blankes, nie-blanke inrigtings deur nieblankes en gemengde inrigtings deur blankes.

Slegs twee redakteurs van Afrikaanse studentekoerante was by die konferensie wat in Kaapstad plaasgevind het, teenwoordig.

NIE-BLANKE

Die finale grondwet van die vereniging is goedgekeur nadat die twee Afrikaanse redakteurs hulle onttrek het. Die vereniging sal ook 'n nuusbrief afrol en aan alle inrigtings vir hoër onderwys beskikbaar stel.

Mnr. Ken Parker, 'n nie-blanke verteenwoordiger van Varsity, die Kaapse studentekoerant, is verkies tot nuwe voorsitter van die persvereniging.

Mnr. Herbst se verslag oor die konferensie is verlede Dinsdagaand deur die redaksie van Die Wapad goedgekeur. Die verslag dien nou voor die Studenteraad.

## Combi nie nou al nie

**Tenders word tans deur die Studenteraad ingewag vir die aankoop van 'n bus. Die huidige Studenteraad het besluit om nie in sy dienstermyn Combi's aan te koop nie.**

Nuwe modelle van die Combi sal teen September op die mark wees en na verwagting sal die volgende Studenteraad hieroor besluit.

'n Begin sal egter binnekort gemaak word met die oprigting van stoorgeriewe vir die bus en twee Combi's asook 'n stoorkamer vir die Studenteraad.

## Geoloë Wil Re-unie Hou

**Bedrywige studente in geologie het hierdie vakansie weer twee ekskursies onderneem. Tydens die eerste week van die vakansie het tien studente en prof. P. B. Ackermann saamgegaan op die jaarlikse interuniversitêre toer deur Zoeloeland. Dié jaar is dit gereël deur die Universiteit van Natal.**

Die laaste deel van die vakansie het elf geologiese studente saam met prof. Ackermann en mnr. A. A. Bisschoff 'n ekskursie deur Grikwaland-wes onderneem as gaste van die verskillende mynmaatskappye aldaar. Hulle het veral die minerale mangaan, yster, asbes en diamante besigtig soos dit in die myne voorkom.

'n Kort ekskursie word nou nog in die vooruitsig gestel gedurende 'n langnaweek na Pilansberg in Noord-Transvaal.

Die Geologiese Vereniging is tans ook besig om 'n re-unie van oud-geologie-studente te reël, waarby die studente wat tans nog geologie studeer, teenwoordig sal wees. Daar sal gepoog word om die re-unie 'n jaarlikse instelling te maak.

## Moontlikhede in die Staatsdiens

Die Staatsdiens se werwingskommissie sal die Universiteit op Vrydag, 26 Augustus besoek, en in kamer 24 van die Administratiewe gebou inligting oor die staatsdiens verskaf aan alle belangstellende studente.

Die staatsdiens is vandag baie gesog en een uit elke vyftien Suid-Afrikaners beklee 'n pos daarin. Daar is 'n groot verskeidenheid rigtings waarin gespesialiseer kan word, o.a. Argitektuur, Biblioteekwese, Geologie, Huishoudkunde, Regte, Tale, Veeartsenykunde en Weerkunde.

★ Studente word hartlik uitgenooi om die inligtingslesing by te woon.

# SIERLIKE LABORATORIUM SAL VERRYS WAAR VLEUEL GESTAAN HET

**TERWYL DIE fondamente al is wat nog oorgebly het van Postmahuis, wat hierdie vakansie gesloop is, word daar reeds voltyds gewerk aan die grawe van die fondamente van 'n nuwe dierekundelaboratorium, wat teen 'n som van £80,000 opgerig sal word op die terrein van die ou Vleuel.**

In die gebou sal daar onder meer drie voorgraadse laboratoria, nie minder nie as nege nagraadse laboratoria en drie lesingsale wees. Daar sal verder ook 'n museumlokaal wees wat gehuisves sal word in 'n aparte gebou, wat aan die hooflaboratoriumgebou met 'n portaal verbind sal word.

MODERNE GERIEWE

Die nuwe laboratoriumgebou sal verder twee konstantemperatuur- of klimaatkamers bevat. Hierdie nuwigheid is onder die huidige geriewe nie beskikbaar nie.

Heelwat meer studente sal in die nuwe gebou opgeneem kan word. Dit bied naamlik ruimte aan tweehonderd eerstejaars, sestig tweedejaars en sestig derdejaars, met agttien nagraadse studente in dierkunde.

Die huidige getalle is ongeveer 130 eerstejaars, 35 tweede- en derdejaarstudente en tien nagraadse studente.

Die argitek wat die nuwe dierkundelaboratorium ontwerp het, is ook die man wat die pragtige nuwe Musiekkonservatorium ontwerp het, mnr. Johan de Ridder. Die boumeester, mnr. F. J. Pretorius, het gehelp om die nuwe huishoudkunde- en administrasiegeboue op te rig.

## Pukke se Bloed het Gevloei

Die Pukke se bloed het lekker gevloei. So lei ons af uit die jaarverslag van die voorsitter van die Potchefstroomse afdeling van die Suid-Afrikaanse Bloedoortappingsdiens.

Die voorsitter, dr. J. Johnson, verklaar dat bloedtappings gereeld by die P.U. gehou is en dat hy baie dankbaar is teenoor diegene wat bloed geskenk het.

Bloedtappings is op die terrein van die P.U. self gedoen.

Alle mense is nou en dan gek.—**Mantuanus.**

* * *

Een van die karaktertrekke van 'n jong meisie is dat sy onbeduidende dinge met hartstog doen.—**Guinon.**




## Claustrophobia?

★

IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD

„STUDIE"?

MAAK DAARDIE WOORD INTERESSANT EN DUIDELIK —

KOM NA

**PRO REGE PERS**

DIE

POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL

Kerkstraat 95 — Tel. 1164

BOEKHANDEL ANTIKWARIAAT

*Cachet Modes*

**(Edms.) Bpk.**

**Tomstraat 92** **Telefoon 1389**

**POTCHEFSTROOM**

***Ons spesialiseer in DRAG VIR JONG DAMES, veral KERKDRAG***

***NOMOTTA-WOL in voorraad***

die wapad

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

# DIE BYLE GAAN HUIL

DIE BYLE GAAN Saterdag in Vrystaat Stadion huil. Dan vind die twintigste kragmeting tussen die Universiteite Potchefstroom en Bloemfontein plaas. Potchefstroom het tot dusver sewe kragmetings gewen en Bloemfontein twaalf.

Wat verlede jaar gebeur het, weet ons, maar wat vanjaar gaan gebeur, is nog geen uitgemaakte saak nie.

Die hoogtes van oorwinning is dikwels eensaam en alleen. Op verloor se vlaktes dink mens dikwels aan dinge waaraan jy nie sou gedink het as jy oorwinnaar was nie.

Die onderkant van 'n saak is eintlik die stormloopkant van 'n saak. En as mens storm, dan storm jy boontoe. Dan moet dit wat bo is, baie stewig sit. Want die momentum kom van onder af.

Die vyftien Pukke wat die eier in die hoofwedstryd gaan rondgooi, is vasberade en besiel met 'n wil om te wen.

Maar nie net hierdie vyftiental beslis die stryd nie. Intervarsitie duur die volle lengte van Saterdag, 20 Augustus. Elke Puk moet Saterdag die voldoening kan smaak dat hy die goeie stryd gestry het. Met die regte gesindheid in die hart, moet daar dan net een doel voor oë wees: Op die pawiljoen en op die veld gaan ons die Kovsies wen!

Die uiteindelike welslae van Intervarsitie sal van elke individuele student afhang. Alles wat die Pukke Saterdag doen, waar hulle ookal mag beweeg in die Vrystaatse hoofstad, sal teen of ten gunste van die goeie naam van Potchefstroom aangeteken word.

Aan die Kovsies: hartlik wederom. Laat ons mekaar op 'n mooi manier breek . . . op so 'n manier dat dit weer gedoen kan word!

Aan die Pukke: Daar is geen geleentheid in die lewe van 'n student waar sy trots en lojaliteit teenoor sy universiteit sterker na vore tree as met Intervarsitie nie. Sterkte, mooi loop en geniet dit!

Aan die sportmanne op wie se skouers die prestige van nagenoeg 3,000 studente Saterdag rus: Sterkte en mag die beste span wen!

# SKOLE EN ONDERWYS

DIE REKTOR, prof. Coetzee, het verlede week tydens die vergadering van Korps 'n belangwekkende en aktuele rede oor onderwys en skole gelewer. Ook in die openbare pers het onlangs verskeie berigte verskyn oor die stigting van 'n vereniging wat hom daadkragtig beywer vir christelike onderwys.

Gedagtig daaraan dat 1960 gesinsjaar is, mag die betekenis van hierdie twee sake nie gering geskat word nie.

Geen mens kan bekostig om agteroor te sit en sake hul gang te laat gaan nie. Voortdurende hervorming in eie kring, uitbouing en verantwoording van bestaande stelsels is noodsaaklik. Wanneer 'n saak nie reg is nie, mag nie geskroom word om dit te verander of niets nuuts in die plek daarvan te bring nie.

In die tydsomstandighede waarin gesinsverval, ontvolking van die platteland, en so meer hand oor hand toeneem, het die skool van die toekoms in toenemende mate tot taak om ewewigtige persoonlikhede en mense met 'n stewige grondslag aan die maatskappy en universiteit te lewer.

Besinning oor die aard, struktuur en plek van die skool te midde van ander samelewingsverbande is gebiedend noodsaaklik. Die skool is nie maar 'n plek waar staatsburgers met kennis ingeënt word nie. Grondlegging van die kind se lewens- en wêreldbeskouing en vorming aan sy persoonlikheid styg bo eksamenresultate uit. Daarby moet die ouer se verantwoordelikheid ten opsigte van die skool betrek word.

Die Potchefstroomse Universiteit poog om die wetenskap christelik te beoefen en die christelike karakter in die buitewêreld uit te dra. Dit is daarom ook verblydend en noodsaaklik dat leiers van hierdie universiteit die voortou neem in besinning oor skool en onderwys. In die skool moet 'n doelbewuste christelike karakter ingedra word en skole met 'n christelike karakter in die lewe geroep word — christelik in struktuur, opvoeding, atmosfeer, onderrig, leergang en metode.

Die behartiging en bevordering van christelike onderwysbelange (ook in bestaande staatskole) het dwingend noodsaaklik geword ter bereiking van die uiteindelike doel: 'n stelsel van staatsondersteunde vrye skole.

[Weens gebrek aan plaasruimte moes sekere rubrieke vir hierdie uitgawe noodwendig oorstaan.—Red.]

## In U Lig

*Dawid is besig om te vlug. Die Gesalfde van God is in ballingskap!*

Soos 'n banneling moet hy Jerusalem verlaat. Sy siel is benoud; diep-benoud tot die dood toe. Sy hart wil beswyk!

Hoe magtig en talryk is die vyande, wat hulle teen hom versit en hulle aangesigte teen hom verhef.

Eensaam en alleen moet hy sy paleis verlaat. Sy koningskap is op die spel!

Maar Dawid neem sy toevlug tot God, en daarom is hierdie psalm nie 'n psalm van wanhoop of geloofsvertwyfeling nie, maar wel 'n psalm van geloofsvertroue.

Hoewel dit vir hom voel asof hy tot aan die uiteindes van die aarde verdryf word, asof hy oneindig ver van God en Sy diens af is, buig Dawid hom tog in gegeloofsvertroue tot God neer.

Die geloof ken géén afstande nie, al is die afstande ook hoe groot!

Hy is besig om tot God te bid.

Die Here sal hom lei op 'n rots, wat te hoog is. Uit eie krag, uit homself is hy nie daartoe instaat nie, maar alleen deur die krag wat God hom sal skenk!

**Psalm 61 : 2 en 6—**
**2—„O God, hoor my smeking, luister na my gebed!**
**6—„Want U, o God, het my geloftes verhoor; U het die besitting gegee van die wat u Naam vrees."**

Die Here is Dawid se toevlug; Hy is 'n sterk toring teen die vyand. Hy is Dawid se skuilplek en beskutting!

Al staan magtige vyande teen hom op; al staan sy eie seun teen hom op, dan sal hy nie vrees nie; dan sal sy moed hom nie begewe nie; dan sal hy nie vervaard wees nie, want God is sy toevlug. God is sy Rots, wat nie kan wankel nie! God is alles in sy lewe!

Maar, daar is ook by hom die sekerheid dat God hom sal verhoor.

Ook Dawid het Geloftes tot die Here gemaak en die Here het na hom geluister; die Here het sy geloftes verhoor!

GELOFTES

Daar is reeds by hom die sekerheid dat God sy beloftes verhoor het. Daarom vervul dit hom met dankbaarheid.

God het sy koningskap bevestig deur die besitting, die erfdeel, wat Hy vir Sy volk en Sy Gesalfde uitgekies het, naamlik die beloofde land Kanaän. God het reeds aan Dawid en sy nakomelinge die koningskap toegeken!

Vyandige magte wou die troon van God se Gesalfde ontruk en sy erfenis van hom ontneem.

Maar God sal sy teëstanders rondom aan die brand steek! Hy sal sy gesalfde in genade aansien. Daarom is sy bede dat die Here sy koningskap deur die geslagte heen sal bevestig.

TROOS

Watter groot troos is Dawid se vertroue op God nie vir hom nie. God is sy Rots, sy Skuilplek, sy Toevlug. God het sy geloftes, wat hy onder sware aanvegtinge en beproewinge tot Hom gemaak het, verhoor. Daarom is sy hele lewe 'n lewe van lofsang en lofprysing tot ere en verheerliking van Sy Naam; daarom is daar ook by hom die blye voorneme om sy geloftes, wat hy tot God gemaak het, dag na dag te betaal!

Die Here is ook ons Rots in tye van donkerheid; Hy is ook ons Toevlug in bang gevare. Ons moet alleen op Hom vertrou en tot Hom in gebed nader.

Daar moet ook by ons die geloofsvertroue en geloofsekerheid wees dat God die geloftes, wat ons tot Hom gemaak het, sal verhoor.

Dan sal ons hele lewe 'n himne, 'n lofsang, 'n loflied tot ere en verheerliking van God se Naam wees; dan sal daar by ons ook die blye voorneme wees om ons geloftes, wat ons aan Hom verskuldig is, dag na dag te betaal!

Maar Dawid vertrou nie op homself nie; hy vertrou nie op eie krag nie. Hy is die gesalfde van God. Sy Koningskap is gegrond in die ewige Koningskap van Christus.

Die Dawidiese koningskap is 'n simbool; 'n afskaduwing; 'n heenwysing na die Messiaanse Koningskap!

In Hom is die blye verwagting, die blye versekering, maar ook die blye vervulling van 'n ewige Koningskap!

—P. J. MALAN.

# DIE EINDE IN SIG

NOUDAT DIE jaar se werksaamhede einde se kant toe staan, wil ons graag alle studente se aandag vestig op die volgende sake.

Die Studenteraadsverkiesings vind op Dinsdag, 6 September plaas. Op die voorafgaande Maandag sal daar geen klas wees nie. Dit is egter geen rede waarom studente op die verkiesingsdag kan wegbly nie. Die welslae van die verkiesingsdag sal van die belangstelling van elke individuele student afhang.

Alle stemreglyste moet die Studenteraad bereik nie later as 24 Augustus nie.

Jaarverslae van onderliggame van die A.B.K.K. en die S.S.B. moet teen 22 Augustus by die hoofliggame ingedien wees.

Jaarverslae van liggame van die Studenteraad en komitees van die Studenteraad moet teen 31 Augustus ingelewer wees.

Liggame wat eretoekennings wil doen aan persone wat hiervoor kwalifiseer, moet sodanige aanbevelings by die onderskeie hoofliggame inlewer nie later as 20 Augustus nie.

Sterkte en voorspoed met die laaste skof wat wag!

***Onthou . . .***

**6 SEPTEMBER VERKIESINGSDAG**

**NOORDBRUG KONTANTWINKEL**
(Eienaar: A. G. Botha)
Vir
LEKKERS, SIGARETTE en TOILETWARE
KRUIDENIERSWARE,
SKRYFBEHOEFTES,
•
Langs Noordbrug-Poskantoor

*VIR DAARDIE HOL GEVOEL OP DIE MAAG . .*
*BAK ONS DIE*
***Heerlikste Vleispasteitjies***
**TURKSTRA BAKKERY**
**(EDMS.) BPK.**
**KERKSTRAAT 61**



**DIENS!**
OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .
**SUID-APTEEK**
**BOTHASTRAAT 80**
**PROTEA-APTEEK**
**KERKSTRAAT 86**

**AJAX**
BOEKE EN SKRYFBEHOEFTES
**Kerkstraat 159 Foon 3458**
**POTCHEFSTROOM**

***EXPRESS***
DROOGSKOONMAKERS
ONS IS TROTS OM U TE BEDIEN
DIENS AAN BLANKES ALLEEN
**Lombardstr. 25 — Tel. 3403**

# HOKKIESPEELSTERS SE VERTONING

(deur Jean Venter)

DIE DAMESHOKKIESPAN het tydens die vakansie uitstekend vertoon in die interuniversitêre toernooi te Johannesburg. Dit was 'n uitmuntende prestasie, die eerste keer in die geskiedenis van die universiteit. Soos die puntestand aantoon was die dames onoorwonne.

Nie een uitsondering kan gemaak word nie, almal het puik saamgewerk



Jean Venter
[Foto: Fotokuns.

om die toernooi voorspoedig te maak.

Die toernooi het op 11 Julie begin en die eerste wedstryd was teen Natal. Buddie en Rina het elkeen 'n doel geskiet en dit was ook die eindtelling. Die algemene gedagte was dat dit Natal se afdag was, maar die verrassing sou nog groot wees!

Met rustyd, Dinsdag, teen Maties was die telling 2—0 in hulle guns, maar daarna verloop dinge anders en die eindtelling was 3—2 in die Puk se guns. Die wedstryd teen Tukkies die middag word deur beoordelaars beweer die mooiste van die hele toernooi te wees. Die wedstryd is 3—1 gewen.

### KEURDERS

Hierdie wedstryd het belangstelling uitgelok. Van die keurders het die span op die fynere punte gewys wat hulle baie tot voordeel gestrek het.

Op die Woensdag het die Puk Ikeys getrap met 'n eindtelling van 3—1. Met 'n telling 1—1 drie minute voor die eindfluitjie moes blaas, het die dames alles in die stryd gewerp en Albertha en Rina het elkeen 'n doel geskiet.

### DOODSE STILTE

Donderdagoggend het alles donker gelyk want die onoorwonne Rhodesspan het gewag. 'n Doodse stilte het onder die speelsters geheers. Elkeen het besef dat sy vandag moet speel soos nooit tevore en dit is ook gedoen. Met puik verdediging het die eindtelling op 1—0, 'n doel vroeg in wedstryd aangeteken, te staan gekom.

Teen die tyd was daar redelike sekerheid dat die toernooi gewen



Albertha Howell
[Foto: Fotokuns.

kon word. Al wat oorgebly het was die wedstryd teen Wits wat 4—1 gewen is en die teen U.O.V.S. waarin met 10—0 geseëvier is.

Die moraal is hooggehou en die verblyf in „Woman's Residence" is iets om te onthou. Die Wits dames was baie gasvry en die kos uitmuntend.

Albertha Howell, Rina Bierman en Annerie Viljoen het in die Proteaspan teen Suid-Transvaal gespeel, met Joe Schoeman as reserwe.

## TUKS-WITS

**Op 27 Augustus vind die jaarlikse Intervarsitie tussen Tukkies en Wits op Ellispark plaas. Dit is vanjaar die 52ste keed dat die twee aartsvyande mekaar aandurf. Tukkies het reeds 31 intervarsities gewen teenoor Wits se 16 (die ander was blykbaar gelykop).**

Die nuwe „raidreëls" wat nog op amptelike erkenning wag, maak dit al hoe moeiliker om die dirigente te skaak, maar skakel terselfdertyd gevare wat in die verlede aan die raids verbonde was, uit.

„Raids" op individuele studente is tot 'n groot mate beperk, en slegs die dirigent, hulpdirigent, raidkaptein en vyf uitvoerende raidkomiteelede kan in hulle tuisomgewing geskaak word.

Punte word bereken volgens die persone wat geskaak word, en met dié puntetelling word daar meegeding om die raidbeker, wat verlede jaar deur die Tukkies verower is.

## Verloofdes en Gekysdes

**Piet Steynberg** en **Ananda Eksteen.**

**Louis van der Westhuizen** en **Walna Marais.** Louis is 'n oud Puk.

**Henk Denkema** en **Riana Venter.**

**Yvonne Jooste** en **Vis Streicher,** 'n sakeman van Pietersburg.

### GEKYS

**Piet Venter** en **Engela Venter.**

**Casper Venter** en **Fanny van Rensburg.**

**Gert Snyman** en **Sannie van der Walt.**

Aldrie kyste is toer-nadraaie.

Aan al die verloofdes en gekysdes sê ons van harte geluk!

Dan verneem ons dat **Jurie Gouws-Venter** hom so in die stilte in die eg verbind het. Aan hierdie oud-Puk ook ons hartlike gelukwense.

* * *

**Hendrik Nelson** het blykbaar genoegsaam herstel van die chloorgas wat hy per ongeluk ingekry het, want hy knoop toe mos 'n kys met 'n Matie-dametjie. Of is dit eintlik die gas wat hom die moed gegee het?

## Dorpstudente

**Dorpstudente se aandag word daarop gevestig dat die nuwe sirkulasieskema waarkragtens hulle hul Wapad in die Kafeteria kry, nie meer met 'n kaartstelsel gevoer sal word nie.**

**'n Boek waarin hulle name alfabeties aangebring is en met kolomme waar hulle vir elke uitgawe kan teken, sal in die Kafeteria wees.**

**Die skema begin met die uitgawe van 31 Augustus en dorpstudente kan Die Wapad reeds daardie aand in die Kafeteria afhaal.**

**Die verskyningsdatum van elke volgende Wapad sal vooraf aangekondig word.—Red.**

## Nusas-President

Mnr. Adrian Leftwich, van die Universiteit Kaapstad, is verkies tot nuwe president van Nusas vir 1961. Hy is twintig jaar oud en is 'n finale jaar B.A.-student.

Hy is een van die jongste lede van Nusas wat nog as voorsitter gekies is. Hy volg mnr. John Shingler op, wat nie verkiesbaar was nie.

# Pukke Baljaar op Rugbytoer

(deur Piet van der Schyff)

„DIS 'N LEKKER toer," was Piet Steynberg se kreet deurentyd. Een en almal van die 23 lede van die rugbytoerspan sal altyd aangename herinneringe hê aan die toer van Julie 1960.

Op Welkom het die Pukke twee wedstryde gespeel tydens die Universiteitetoernooi aldaar. Teen Rhodes het hulle swak gevaar en hulle kon 'n gelykopbeslissing 8-8 afdwing in 'n wedstryd waarin 'n tekort aan wedstrydoefening duidelik weerspieël is.

Op Saterdag, 16 Julie, het die Pukke beter gespeel en die Natalse Universiteit met 18-5 geklop.

Die sosiale sy van die toer is op Welkom goed gesteun; hoe kon dit ook anders as byna elke speler in 'n lang swart Dodge of 'n groen Ford, ens., rondgery het terwyl dit nie aan partytjies ontbreek het nie!

'n Moeë span het Welkom Maandag verlaat, oor White's na Bloemfontein. Die Kovsies was ongelukkig nie daar om solank skrik te vat nie.

### KOUE WEER

Koue weer is in die Oostelike Provinsie aangetref en dit het niks goeds voorspel in die wedstryd teen Old Collegians op Uitenhage nie. 'n Besoek is aan Goodyear gebring waar Toy en Kie die gids „verstom" laat staan het met hul krag deur die kamma onbreekbare nylon met gemak te breek.

Op 'n deurweekte veld en in die reën moes die Pukke met 9-11 die aftog blaas teen O.C. Die wedstryd is gespeel onder omstandighede wat vir die Pukke totaal vreemd was.

Gaandeweg het hulle aangepas en teen die einde heel aantreklik begin speel.

Vanaf Uitenhage het die span



**Johan van der Vyver, pa op die toer.**

oor Port Elizabeth na Grahamstad vertrek om die Setlaars, Albnië te gaan aandurf. Met 'n gebiedsvoordeel, te danke aan harde voorspelerspel en aanvallende agterspel, byna dwarsdeur die wedstryd, het die Pukke in hierdie wedstryd geseëvier met 14-9.

### „TIP"-OE

Op Sondag het die span in die hawestad op die „Pretoria Castle" geklim onderweg na Durban. Op die skip was baie te doen en die Pukke het alles moontlik beoefen ,n „Boat-race" teen die Natalse hokkiespan is sluk-sluk en maklik deur die Pukspan gewen. Die seereis met al sy ervarings sal nie gou vergeet word nie, so ook nie Portelli en die ander kelners wat 'n mens met sulke „tip"oë aangekyk het nie!

Die daaropvolgende Woensdag het die Pukke die Natalse Duikers in Durban aangedurf en die toer op 'n hoë noot afgesluit deur 14-3 te wen in 'n wedstryd wat gekenmerk was deur mooi agterlynbewegings en harde voorspelerspel.

Dis hier op Durban dat Toy die onderskeiding te beurt geval het om as vlagman 'n strafskop teen hom te kry. Hy was in elke wedstryd vir sy span sommer 'n hele klomp treë „werd".

★ So eindig die toer dan want van Durban af het die paaie begin uiteen loop. 'n Laaste woord van dank aan toerpa Johan van der Vyver vir sy wonderlike optrede gedurende die toer. Ook aan die bestuur, aan Toy, Piet en al die medespelers, hartlike dank vir die

# PUK MOET WEN

(Vervolg van bls. 1)

U.O.V.S. se oorwinning verlede jaar, en daardie kranige Johan Jacobsz wees. Hoewel De Wet Krüger in 'n vir hom nog ietwat ongewone posisie speel, is daar geen rede om te vrees dat hy sy span in die steek sal laat en die Kovsies nie in die stof sal laat byt nie.

Bowendien moet hy, Fiet Bosman en Amie van Wyk soos valke toesak op die rollende balle, want Intervarsitie—net soos 'n toetswedstryd—word maklik gewen uit losskrums. En Henry Meyer, Trevors Jordaan en Stoney Steenkamp is bekend daarvoor dat hulle los balle oppik soos n' hoenderhen 'n mieliepit.

Bok Fourie moet die bal vinnig wegkry (en ook reëlmatig by die skrum ingooi), want Grundlingh met sy bedrieglike breekslae en goedgemikte hoekskoppies kan 'n wedstyrd beklink.

### MOET WEN

Kortom, die Pukke moet nie skroom om hul agterlyn te laat hardloop nie. As hulle hulle aandeel in die skrums en lynstane kry, hul kanse ten volle benut en met die agterlyn slaan, moet die Puk vanjaar se Intervarsitie wen.

Maar alle gate moet toegestop word en 'n teenstander moet met bal en al grond toe gebring word. Du Plessis en Cilliers is kranige vleuels wat sterk kan nael en aansuliting by hul losvoorspelers soek. Ofskoon Bennie van Niekerk weens 'n gebreekte duim nie speel nie, sal Zietsman, wat hom na alle waarskynlikheid sal vervang, 'n gedugte en ervare maat vir Koppie Marais wees.

Een ding moet die Pukke Saterdag onthou: 'n wedstryd is nie verby voor die eindfluitjie geblaas het nie. Die manne mag geen oomblik verslap nie. Sestigduisend toeskouers het verlede Saterdag op Vrystaat Stadion aanskou wat gebeur as n' span teen die einde verslap.

Schalk Hoogenboezem is 'n veilige en bestendige heelagter wat Maandag tydens die oefening weer sy ou vorm herwin het en as hy Saterdag getoets word, moet hy doen wat Wilson 'n week tevore op die einste veld gedoen het: kalm bly en seker maak van buiteskoppe.

### HOU DUIM

Bowendien moet hy en Jan van der Schyff Saterdag hulle skopskoene aanhê, want in die afwesigheid van Toy Dannhauser rus 'n groot taak op hul skouers. Die Pukke kan nie bekostig om die geringste kanse deur die vingers te laat glip nie.

U.O.V.S. is die afgelope drie jaar op die kruin van die oorwinningsgolf. Nogtans is hulle 'n span wat nooit onderskat mag word nie. Hulle is bekend daarvoor dat hulle met opportunistiese spel teenstanders se foute kan uitbuit, en daarom kan geen Puk sy lyf Saterdag vir een oomblik wegsteek nie.

Die Pukke se kanse om hierdie twintigste botsing te wen, is goed; miskien 'n raps beter as verlede jaar. Want ons manne is sielkundig voorbereid en vasberade soos nog nooit tevore nie. Maar die samespel, die hegte binding en die deursettingsvermoë mag geen oomblik verslap nie.

● Elke Puk hou Saterdag albei sy duime vas; en dalk nog sy meisie s'n ook!

*ONS BESIGHEIDSNAME SPREEK VANSELF !*

PARK VRUGTEWINKEL

PARK KRUIDENIERS

PARK FIETSE

(F. F. Tranter)

Tel. 995 Van Riebeeckstraat, POTCHEFSTROOM



MOENIE SOEK NIE!

'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind

Aptekers J. P. van der Walt

(EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929

RUGBY

# KOVSIES HET REKENING OM TE VEREFFEN

(deur Izak Lessing)

**DIE KOVSIES se tweederugbyspan het vanjaar 'n groot rekening om te vereffen na verlede jaar se Intervarsitie-neerlaag, en hulle is ook vasberede om dit te doen.**

Hulle span is nog onoorwonne in die liga en beskik oor 'n hele aantal spelers wat reeds vir die eerstespan op die veld gedraf het.

Soos in die verlede lê die Kovsies se krag hier by hul voorosse.

Ons tweedespan is vanjaar bekend daarvoor dat hul lewendige, studenterugby speel, 'n feit wat daaraan toe te skrywe is dat soveel van hierdie kêrels moontlike eerstespanspelers is.

Die meeste van Navy het al een of ander stadium vir die eerstespan gespeel. Na die vertoning van U.O.V.S. se tweedespan tydens die Welkomtoernooi, is die Pukke vol moed om Saterdag verlede jaar se puik oorwinning te herhaal.

DERDE SPANNE

Aangesien daar sewe derde spanne vir die liga ingeskryf het van Kovsieland alleen, sal die Pukkies hier in hul pasoppens moet bly.

**Fires** sal goed kan opweeg want hulle is nog in hierdie stadium ligawenners en speel lekker rugby.

ONDER 19

Hierdie jong Kovsies het vanjaar nog teleurgestel maar met 'n Intervarsitie lewer spelers gewoonlik meer as hul beste.

Hulle het vyf Vrystaatse onder 19-spelers in hul geledere teenoor die agt Wes-Transvalers in Frik de Beer se spannetjie.

Die Pukke se voorosse is 'n faktor wat die verloop van die wedstryd kan bepaal.

● Dit het al tradisie geword dat hierdie botsing die aantreklikste rugby van die dag oplewer.

# P.U.-GIMNASTE BAAS OP TOERNOOI

Die gimnaste van die P.U. het uitstekend presteer tydens die Wintersaamtrek van die universiteite te Pretoria.

Die span as geheel kon net nie geklop word met die gehalte gimnastiek wat alleen uit Pukkeland kan kom nie.

Van die begin af het die Pukke hulle vaardigheid op al die apparate getoon en was ook die voorbokke by die spronge en tuimel.

Die plekke deur ons gimnaste ingepalm, is as volg:

**Voorgeskrewe oefeninge** (mans):

J. van Niekerk (2de plek).
G. Oberholzer (1ste plek).

**Voorgeskrewe- en vrykeuse oefeninge** (mans):

G. Oberholzer (4de plek).
J. van Niekerk (3de plek).

Vir die dames het Winny Bekker 'n tweede plek ingepalm met haar finale puntestand.

● Ons wens die afrigters van die span, Wynand Putter en Jo Schoeman sowel as die kapteine, Maryn Fourie, baie geluk met hierdie prestasie.

## ERKENNING

**Die sportvooruitsigte in hierdie uitgawe is opgestel met die vriendelike medewerking van Pieter Venter, redakteur van Irawa. Namens Die Wapad-redaksie ons hartlike dank aan hom.—Sportred.**

# PUK MOET INTERVARSITIE WEN—STATISTIEK

DIE GESKIEDENIS herhaal hom glo self—ook met Intervarsities. As ons die afgelope 19 botsings se uitslae nagaan, dan sien ons dat die Kovsies reeds driekeer die driekuns het en Puk slegs eenkeer.

Verlede jaar is hul driekuns se getal gevul en om by die verloop van die geskiedenis te bly, is dit Puk se beurt om die bewoners van Kovsieland Saterdag op eie werf op hul baadjie te gee.

Uit die 19 botsings het die U.V. 12 en Puk sewe gebuit.

Die Intervarsitie-statistiek sien soos vol gdaaruit:

| Jaartal | U.O.V.S. | Puk |
|---|---|---|
| 1927 | 6 | 4 |
| 1938 | 8 | 11 |
| 1943 | 8 | 6 |
| 1944 | 11 | 3 |
| 1945 | 3 | 4 |
| 1946 | 10 | 5 |
| 1947 | 7 | 6 |
| 1948 | 20 | 6 |
| 1949 | 3 | 8 |
| 1950 | 5 | 11 |
| 1951 | 3 | 6 |
| 1952 | 12 | 11 |
| 1953 | 3 | 0 |
| 1954 | 21 | 8 |
| 1955 | 3 | 16 |
| 1956 | 6 | 13 |
| 1957 | 8 | 3 |
| 1958 | 19 | 13 |
| 1959 | 24 | 6 |
| 1960 | ? | ? |

# KOTIE DE JAGER WENS SPANNE STERKTE TOE

DIT IS INTERVARSITIE en ons spanne staan slaggereed vir die stryd. Na maande van harde oefening sien elke sportman uit na die ontmoeting, waarin hy sy universiteit gaan verteenwoordig.

Op geen ander terrein van die lewe tree die persoonlikheid van die mens sterker op die voorgrond as in sport nie. In daardie oomblikke van oorwinning of neerlaag kan die ware sportman wys uit watter hout hy gesny is. Daarom weet ons dat ons hierdie Intervarsitie gaan speel in die gees van ware sportmanskap en kameraadskap, wat ons heg saambind as studente van die Universiteit, waarop ons trots is.

As ons wen, laat ons in alle beskeidenheid die hand reik aan ons opponente, as ons minder suksesvol is, laat ons in alle grootmoedigheid die woorde van Spurgeon in gedagte hou: „Om tweede viool te speel is groter kunsvaardigheid nodig as wat baie mense dink".

Bowenal, dink daaraan dat dit ons voorreg is om met die wapen: „In U Lig" op die bors vir ons universiteit te kan deelneem.

Ons wil langs hierdie weg elke span en elke speler in besonder sterkte toewens met die groot taak wat op hulle skouers rus, ons weet u kan!

J. J. DE JAGER,
Voors., S.S.B.

# VOORUITSIGTE VIR SATERDAG SE KRAGMETINGS

GIMNASTIEK

**Die bloeiende, jong gimnastiekklub van Puk behoort geen moeite te ondervind om vanjaar skoonskip te maak in die mans- sowel as damesafdeling nie.**

NETBAL

Feitlik alle netbalbotsings in die verlede is deur U.V. gewen omdat die Vrystaters netbal en die dames in Pukkeland korfbal speel.

Met staatmakers soos Marie Coetzee, Petro Nyhoffen, Babs Labuschagne in hul geledere, is die Kovsies 'n gedugte span om te klop. Die Pukdames is slaggereed vir hierdie interessante botsing en sal hulself deeglik laat geld.

TENNIS

Die U.V. het provinsiale spelers om mee rekening te hou in die persone van Gray, Ewie Cronje, Lorna



**Piet Venter een van Puk se staatmakerskaakspelers.**

van Niekerk en Pat Uys.

Hulle spelers het vanjaar nog nie aan veel wedstryde deelgeneem nie en dit kan ons spelers wat gereeld wedstrydoefening kry, goed te staan kom. Prof Smith, Fryhoff Albertyn en Jack Brewis sal U.O.V.S. harde bene laat kou.

TAFELTENNIS

Aangesien al U.V. se staatmakers van verlede jaar nie meer beskikbaar is nie, kan hul nie vanjaar weer met so n' sterk span optree nie en Rosier de Ville en sy span kan verlede jaar se nederlaag wreek.

SKAAK

Geesdrif vir skaak loop vanjaar baie hoog in Kovsieland en hul spelers sal alles in die stryd werp om die Pukke se maklike oorwinning verlede jaar te wreek.

Die Pukspan is egter meer ervare met veterane soos Piet Venter en Johan Koen in hul geledere.

# Pukke se Kanse in Hokkie Baie Belowend

(deur Izak Lessing)

TYDENS DIE interuniversitêre hokkietoernooi het U.O.V.S. 'n swak weergawe van hul eerstespan se sterkte gelewer aangesien hul span onvolledig was.

Hoewel Puk se oorwinning van 7-0 gedurende die toernooi boekdele spreek, kan 'n harde stryd verwag word.

Ongelukkig kan staatmakers soos Koos van Wyk en André Muller nie saamreis nie, maar veterane Gert Snyman, Hessel Dykstra, Barrie Pithey en Vic van Aswegen behoort die Puk-vaandel hoog te hou.

DAMESHOKKIE

Na hul onlangse sukses om as universiteitskampioene van die vakansietoernooi terug te keer, is die Pukdames se vooruitsigte baie rooskleurig om as Intervarsitiewenners terug te keer.

Die Kovsies se staatmakers kon nie aan die toernooi deelneem nie en sal Saterdag taaier teenstand bied. Tog kan Jeanne Venter en uitblinkers soos Albertha Howell, Rina Bierman, Betsie Spöhr en Jo Schoeman sake vir hule teenstanders warm maak.

# Oud-Pukhoofdame in Haar Noppies met Hokkiespan

GEAGTE REDAKSIE,

Baie graag wil ek in Die Wapad die dameshokkiespan van die P.U. van harte gelukwens met hulle skitterende prestasie tydens die afgelope interuniversitêre toernooi.

Elke oud-Puk wat ooit die voorreg kon smaak om vir die P.U. hokkie te speel, voel vandag trots. In my eie dae (1951-55) moes ons meestal van so 'n toernooi terugkeer met die filosofiese opmerking: „Een ding is seker, as jy vir die Puk hokkie speel, leer jy goed om te verloor."

Aan uitslae het ons ons egter weinig gesteur. Die geesdrif vir hokkie het onder ons besonder hoog geloop. So het ons 'n hokkiedag ingevoer, die jaarlikse „wisselkoppie" tussen die koshuise ingestel, 'n braaivleis gehou om die tienjarige bestaan van die klub te vier en selfs 'n week se U.O.D.-klasse opgeoffer om 'n hokkiekamp in Pretoria by te woon.

Ons het destyds besluit dat die eerstejaardames se eerste verpligting by hokkie lê, maar toe ons besluit dat hulle ons wedstryde moet bywoon ten koste van rugby, het ons te ver gegaan.

Ek vertrou dat waar die **Pukke** vanjaar hulle merk gemaak het, hulle in die jare wat volg daarop sal voortbou.

SELMA VAN SCHOUWENBURG.

[Brief effens verkort.—Red.]




**„Aitsa!"**

*As die DAMES so sê moet jy weet die Jongeheer koop sy klere by:*

**J. TOD SUTTIE**

**Kerkstraat 177 — Telefoon 1**
**POTCHEFSTROOM**


# ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS


***Beyers Claassen***

**Die MEES VINDINGRYKE fotografiese sentrum in Potchefstroom**

LOMBARDSTRAAT 52 TELEFOON 455

# Op hul Skouers Rus die Groot Taak

### SCHALK HOOGENBOEZEM
### (Heelagter)



In sy tweede jaar op die Puk het Schalk vir Wes-Transvaal onder 19 gespeel en hy speel sedert sy skooldae op Gimnasium in hierdie posisie. Hy is 'n veelsydige speler wat al in die losskakel-, senter- en vleuel posisie ingespan is. As heelagter van die eerste span het hy vanjaar baie bestendige spel gelewer en is deurgaans 'n veilige laaste vesting.

### KOOS DU PLOOY
### (Vleuel)



As Koos met sy groot momentum langs die kantlyn stoomroller, is daar weinig hoop om hom van die doellyn weg te hou. Koos was op Florida Hoërskool en het hier op P.U.K. vir Wes-Transvaal O/19, Wes-Transvaal en die Noordelike Universiteite gespeel. Hy kan ook ewe goed as flank ingespan word.

### HERMAN VENTER
### (Slot)



Herman het sopas toegetree tot die Order Vyftig en dis die derde Intervarsitie waarin hy vir die eerste span optree. Met sy lengte is hy elke duim van sy liggaam werd in die lynstane. Sy teenstanders vind in hom 'n verbete vegter in die lynstane want hy strewe daarna om die bal skoon en vinnig aan sy driekwarte te besorg. Ook in die vaste spel is hy 'n bron van krag.

### PIET STEINBERG
### (Slot)

Piet is die speler op die Puk wat al in die meeste wedstryde vir die eerstespan diens gedoen het. In die afgelope paar jaar het Piet hom onderskei as n' voortreflike slot en kantman. In laasgenoemde posisie het hy verskeie wedstryde vir Wes-Transvaal gespeel en vanjaar ook in die Noordelike Universiteitespan. Saterdag is Piet die waarnemende kaptein van die eerstespan en onder sy beslelende leiding gaan die Pukke die Kovsies harde bene laat kou. Hy is 'n speler wat veral in die losspel skitter.

### AMIE VAN WYK
### (Agsteman)

Amie is 'n kalm, ervare en metodiese agtsteman wat altyd op die regte plek is. Hy is by uitstek 'n skitterende verdediger en daar is min spelers wat 'n bal beter op vol spoed van die grond af kan opraap en 'n beweging verder voer. Hy het sy skoolopleiding aan die Hoër Gimnasium ontvang.



**Toy Dannhauser, die Pukke se klubkaptein, wat nog nie Saterdag vir die eerstespan op die veld kan draf nie, voer Tekkies aan. In 'n kort boodskap wens hy alle Pukke—en veral die rugbyspelers—sterkte toe. Hy sê ook dat alle Pukke moet onthou die wedstryde is nie gewen voor die trein terug is op Cachet nie!**

## Die Spanne vir Saterdag

| **Potchefstroom** | **Bloemfontein** |
|---|---|
| Schalk Hoogenboezem | Koot van Wyk |
| Mic Moolman | Ernest du Plessis |
| Leon Thom | Koppie Marais |
| Jan van der Schyff | Zietsman of Louw |
| Koos du Plooy | Gert Cilliers |
| Carl Grundlingh | Johan Jacobsz |
| Bok Fourie | Nelie Smith (kapt.) |
| Frans de Bruyn | Sakkie van Zyl |
| Piet Bingle | John Wessels |
| Wilhelm de Waal | Apie Pretorius |
| Piet Bosman | Travers Jordaan |
| Piet Steinberg (kapt.) | Pieter Goosen |
| Herman Venter | At van Niekerk |
| De Wet Krüger | Henry Meyer |
| Amie van Wyk | Stoney Steenkamp |

### CARL GRUNDLINGH
### (Losskakel)



Hoewel hy nog verlede jaar 'n junior was, het hierdie briljante klein losskakel bewys dat daar nog groot rugby vir hom voorlê. Hy het vir die Wes-Transvaalse skolespan gespeel en was verlede jaar onderkaptein van die O/19's. Carl beskik oor die essensiële vereistes vir 'n losskakel: goeie hande en voete, spoed en 'n rugbybrein. Waar die losskakelposisie in die verlede Puk se swakpunt tydens die Intervarsities was, behoort Carl vanjaar die nodige slaankrag aan die agterlyn te gee.

### PIETER BINGLE
### (Haker)

'n Jong speler wat reeds lank aan die deur van senior rugby klop en wat vanjaar die paal gehaal het bo ouer spelers. Pieter is bekend vir sy losspel en hou daarvan om losrollende balle in kanse te omskep. Hy is afkomstig van Afrikaans Hoër in Pretoria en het vir Wes-Transvaal O/19 gespeel.

### BOK FOURIE
### (Skrumskakel)



Bok is 'n stewige skrumskakel wat losvoorspelers baie hoofbrekings kan besorg. Hy kan vinnig om die skrum skoonmaak en bring in kritieke tye baie verligting met sy lynskoppe vanaf skrums of lynstane. Bok het genoeg ervaring van Intervarsities en van sy meer ervare teenstander, Nelie Smith. Die plaaslike Volkskool het hom die basis van sy rugby geleer.

### MIC MOOLMAN
### (Vleuel)

Die blitsige aptekervleuel met atletiese liggaam, lyk op 'n rugbyveld altyd soos 'n renperd—hy wilwil net altyd wegspring na daardie doellyn. Mic het 'n verbasende spoed en menige teenstander het al gate in die lug geduik vanweë sy geweldige vaart. Op die pas afgelope toer het Mic sy ou vorm herwin en is altyd gevaarlik as hy die bal raakvat. Hy het ook al vir Wes-Transvaal opgedraf.

### FRANS DE BRUYN
### (Voorry)



As oud-Wes-Transvaalspeler, voormalige kaptein van Puk en voorryman van die Noordelike Universiteite is Groot Frans beslis 'n gedugte teenstander vir enige span. Soos baie van sy medespelers het hy gematrikuleer op die plaaslike Gimnasium. Dis Frans se sesde Intervarsitie en as eerlike, harde werker het hy die agting van sy spanlede sowel as opponente afgedwing. Tans werk Frans in die Universiteitsbiblioteek.

### DE WET KRUGER
### (Flank)



Nadat hy twee jaar vir die Puk O/19-span gespeel het, jare waarin De Wet nie alleen Wes-Transvaal O/19 gespeel het nie, maar ook kaptein van die Puk O/19's was, het hy in sy derde jaar reeds sy plek in die eerstespan oopgespeel en speel sedertdien gereeld senior rugby. As speler is De Wet 'n eerlike, harde woekeraar in die los sowel as in die vaste spel.

**Die foto's van Hoogenboezem, De Wet Kruger en Du Plooy op hierdie bladsy is deur FOTOKUNS geneem.**

### JAN VAN DER SCHYFF
### (Senter)



Sedert 1954 speel Jan gereeld in Wes-Transvaal se skole, onder 19-seniorspan. Ervaring in 'n Intervarsitiebotsing beteken baie en hiervan het Jan baie. Sy vernietigende laagvatte het al spreekwoordelik geword in Wes-Transvaal—soos die All Blacks ook kan getuig! As binnesenter kan Jan gapings maak vir sy sentermaat en is 'n goeie taktikus.

### LEON THOM
### (Senter)



Saam met Jan vorm Leon 'n gevierde kombinasie. Leon is 'n speler met baie ervaring en beskik oor spoed en deurdringingsvermoë. Hierdie jaar is Leon ook by geleenthede in die Wes-Transvaalse span ingesluit. Hoewel sy gereelde posisie senter is, het hy ook al met welslae vleuel gespeel. Leon is 'n student in Aptekerswese.

### PIET BOSMAN
### (Kantman)

'n Stewige valk in die flank posisie wat knaend op die jag na los balle of spelers uit is. Piet speel nou twee jaar seniorrugby en ten spyte hiervan is hy een van die „harde manne" onder die voorosse. Hy het ook reeds onder groter geselskap verkeer deur vir Wes-Transvaal diens te doen. Menige losskakel het al nagmerries gehad van Piet se gevreesde duike.

### WILHELM DE WAAL
### (Voorry)

Wilhelm het vanjaar soos 'n jong bulletjie gespook en gespartel en uiteindelik sy plek in die eerstespan oopgespeel. Hy is 'n hardwerkende speler in die vaste spel en in die skrums staan hy sy man terdeë. Hy druk Saterdag in sy eerste Intervarsitiewedstryd.